

24 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:7-11
Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:10-11
HK, Vraag 55

Die gemeenskap van die heiliges

Jy staan mos ook in die bediening, nie waar nie? As dit so is – en volgens Petrus se eerste brief en baie ander plekke in die Skrif is dit regtig so! – vervul jy dan jou bediening? Moenie sê: “Ek is nie bekwaam om te doen waartoe God my roep nie!” God het jou alreeds deur sy Gees bemagtig. Waarlik, elke gelowige het ’n genadegawe (charismatiese gawe) ontvang. Nie een – man of vrou, kind of grootmens – is daarvan uitgesluit nie! Wat beklemtoon moet word, sê ons fokusgedeelte, is dat jy met die gawe wat jy ontvang het werklik moet gaan dien. Elkeen moet “namate hy ’n gawe ontvang het, die ander dien.” So is jy ’n goeie bedienaar van God se genade. Dit is jou bediening in die kerk en die koninkryk van God. Die doel van elkeen se gawebediening is die eer en verheerliking van God self (vers 11). Die vertroostende is dat God se genade – en ook die genadegawes wat Hy gee – veelvoudig, ryklik geskakeer en veelkleurig is. Elkeen ontvang die gawe wat God spesifiek vir hom of haar in die liggaam van Christus beskik.

Al die eeue staan dit al só in ons Kategismus: ons is verplig om ons gawes gewillig en met vreugde aan te wend. Jy is deel van hierdie nuwe gemeenskap van begaafde bediendes. Die koue, harde wêreld waarin ons leef ken nie so iets nie. Dit is die vuur van die Heilige Gees wat mense met hulle gawes só laat dien. Hoe lyk jǒu gawe-bediening? Of laat jy hierdie deel van ons belydenis maar liever aan “charismatiese groepe” oor om uit te leef?

Dr. PP Kruger (Meyerspark)

~~~~~